



Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik

Missie: Koinonia, Geloof en Getuienis

LIG OP DIE VUIL KOLLE

- [Galasiërs 2:15-21](#)

Ystererts word teen 'n baie hoë hitte gesmelt. In die proses kom al die vuiligheid na bo en dan kan dit maklik verwyder word. Wanneer die produk weer afgekoel word, is dit skoon staal. Terwyl dit nog net ystererts is, is daar baie vuiligheid in, maar jy kan dit nie sien nie. Eers wanneer dit verhit word, word dit sigbaar en dán eers kan die ouens 'n plan maak om dit af te skep.

In elkeen van ons is daar ook vuiligheid, maar ons sien dit nie altyd raak nie. Ons weet dikwels nie eers daarvan nie, want dit is so verweef in die res van ons. Maar hoe nader 'n mens aan Jesus beweeg, hoe sigbaarder raak die vuil kolle. Dit is Jesus se lig wat die sonde uitwys en ons raak bewus van verkeerde dade in ons lewe. CS Lewis het gesê: "It is when we notice the dirt that God is most present in us; it is the very sign of His presence." Paulus het dit ook so ervaar: *Gal 2:17- In ons pogings om aan Christus se vrypraak deelagtig te word, het ons ontdek dat ons sondaars is wat onself glad nie kan red nie.*

Jy sien, 'n mens kan nie naby Jesus wees en nie jou sonde raaksien nie. Daar is so 'n klein stemmetjie wat met jou praat wanneer jy in die verkeerde rigting foeter. Jy weet dis verkeerd, maar jy het nog nie die briede om te stop nie. Dit is vir hierdie sonde wat Jesus aan die kruis gesterf het. Wanneer ons dan nader aan Jesus beweeg en die sonde in ons lewens begin raaksien, moet ons dit na Jesus bring. Ons moet dit na die kruis toe neem, want dit is net daar waar ons dit op Jesus kan pak.

Paulus wonder hardop wat ons sonde aan Jesus doen: *Gal 2:17 -...Betekendit dan dat Christus nou nog 'n slaaf van die sonde is omdat Hy in ons plek vir*

ons sondes gesterf het? Nee, natuurlik nie! Hy het mos kant en klaar die prys vir die sonde namens ons betaal. Dit is wonderlike nuus! Jesus het klaar oorwin en die sonde 'n bloedneus gegee. Maak nie saak hoeveel sonde ons na die kruis toe bring nie, dit maak aan Jesus niks. Hy het klaar daarvoor betaal.

Hierdie is die middelpunt van ons geloof. Jesus het gesterf vir ons sondes. Hy het oorwin en daarom is die straf vir die verkeerde dinge wat ons doen reeds gedra. Ons kan nou in vryheid leef. Ons hoef nie bang te wees oor waar ons eendag gaan opdaag as ons die tydelike met die ewige verruil nie. Nee, ons kan seker wees dat ons die hemel sal in. Ons moet dit met ons harte glo en ook so leef.

Gal 2:20 - Nou leef ek deur geloof. My hele bestaan draai om die Seun van God. Hy het my so lief dat Hy bereid was om sy eie lewe vir my op te offer.

Hierdie teks moet die middelpunt van ons bestaan word. Alles, maar alles van ons moet om Jesus draai. Ons moet elke moment van die dag probeer om nader aan sy lig te beweeg. Ons moet kyk waar die lig op die donker kolle daar diep in ons wese skyn. Dan moet ons ontslae raak daarvan. Jesus wil ons so skoon as moontlik maak.

En soms, as die wêreld om ons dit vir ons moeilik maak en dit ongemaklik warm word, sal Jesus dit gebruik om die pot dalk aan die kook te sit sodat die onsuiverhede wat so diep wegkruip na bo kan kom sodat dit afgeskep kan word. Dan raak die lewe ligter en daal 'n hoop vreugde en vrede oor ons.

Kom ons leef van vandag af volgens Gal 2:20 hierbo. Laat ander dit raaksien en ook smag om so te lewe.

Om oor na te dink: Hoe naby is Jesus se lig aan jou? Sien jy die vuil kolle? Wat gaan jy maak om van hulle ontslae te raak?

Gebed: *Here, dankie dat U die lig in my lewe is. Skyn U lig in my lewe sodat ek ook die lig in ander se lewe kan wees. Amen*

Gerjo Ben van der Merwe – Kruispad

Kruispad is 'n bediening wat die moderne mens aanlyn help met die keuses by die kruispaaie van die lewe. – <http://kruispad.com/>

*As jy hard werk, sal jy eendag die vrugte pluk.
As jy nie hard werk nie, gaan jy eendag vrugte pluk.(Internet)*

DOOP : JUNIE TOT AUGUSTUS 2015

Die doop van 'n kindjie is telkens 'n groot gebeurtenis. Dit geld vir die gemeente, die grootouers, die ouers en die kindjie. Ongelukkig het Parys-Wes nie soveel jonger mense dat ons gereeld plaaslike kindertjies kan doop nie. Gelukkig bly baie grootouers egter hier in Parys en van hulle kleinkinders word gereeld hier gedoop. In die afgelope drie maande is daar weer vier kindertjies gedoop, twee van hulle was plaaslike kleingoed en twee is van oorsee af ingevoer. You-Lin Lucy

Wang is van Taipei in Taiwan en Jacob William van Wyk het vanaf die VSA gekom vir die geleentheid.



Baie geluk aan die ouers en grootouers van die volgende dooplidmate:

Dopeling	Ouers	Datum gedoop
Anli Snyman	André en Liana Snyman	14 Junie 2015
Isabel Roeline Uys	Hendre en Alette Uys	28 Junie 2015
Lohan Swart	Johan en en Lize-Mari Swart	28 Junie 2015
You-Lin Lucy Wang	David en Sonja Wang	28 Junie 2015
Jacob William van Wyk	Rhynhardt en Elsie van Wyk	2 Augustus 2015

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag vir Gerhard Posthumus wat onlangs by die gemeente aangesluit het, hartlik verwelkom. Ons vertrou dat jy reeds ingeskakel het, dat jou verblyf hier vir jou verrykend sal wees en dat jy betrokke sal raak by die gemeente-aktiwiteite.

Naam	Vorige gemeente	Adres	Wyk	Kontaknommer
Gerhard Posthumus	Parys-Oos	Koepelrust10 Noorderstr 40 Parys	Van Coller	078 158 4110

PARYS-WES SPEEL ROLBAL

Gedink daaraan, gepraat daaroor en skielik speel ons rolbal. Op die oggend van 4 Julie het die manne en vroue by Parys Rolbalklub aangetree om hulle slag te wys. En was dit nie 'n rollery van 'n ander aard nie! Wye balle, kort balle en lang balle is gerol. Party het gedink dis maklik en dit moeilik gevind, ander weer het gedink dit is moeilik en dit maklik gevind. Maar rol het ons gerol.....Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan hierdie heerlike dag! Ons het 'n vol baan met 48 spelers gehad!

Ons wil baie dankie sê aan die volgende borge: **Mr Exhaust Mr Tyre, Ocean Grill, National Roadhouse, Koepel Vleismark, Parys Nuusagentskap, PG Glass, Divas en Sheilas, Parys Total Service Station, Parys Kwekery en Troeteldierwinkel, Joe Koortzen, Johan Schultz, Lesinda de Jager, Koos en Esmé Uys, Ina van Wyk, Amanda Sadie, Anneli Janse van Vuuren en Henk Mulder.**

Baie dankie ook aan almal wat gehelp het met die stalletjies; **Ina, Tannie Ellie, Marietjie Ludwick, Amanda, Pieter, Gert en Lesinda. Dankie ook aan Johan en Charlotte Odendaal** wat gehelp het met die uitsit van die rolballe en die kaartjie-verkope. Dankie aan Lesinda wat die borgskappe hanteer het. Dankie aan **KSFM en Sakkie vir die radio-advertensies.** 'n Groot dankie aan **Parys Rolbalklub vir die gebruik van hulle fasiliteite asook John en Penny van die klub** wat gehelp het om van die dag 'n sukses te maak. Dan natuurlik aan al die spelers, baie dankie vir julle deelname!

Almal wat dit nie kon bywoon nie, julle weet nie wat julle misgeloop het nie!

Ons gaan beslis weer rol!

Dries de Jager

Ns: Dankie aan Dries vir al sy reëlings. Ons het dit baie geniet. Daar was konsensus onder party rollers dat dit makliker is om 'n jukskei by die pen te kry as om hierdie aweregse balle by die wit balletjie te kry!! Red.



Fietstoer van Parys na Margate, 2-9 Oktober 2015

Twee Parysenaars, Rudolph van Wyk en Jaco Potgieter, beplan om met bergfietsse vanaf Parys na Margate te ry. Afgesien van die avontuur en uitdaging, is die doel ook om fondse in te samel vir die verspreiding van Bybels in Parys en Vrededorp, hulp aan die klerebank van Laerskool HF Verwoerd en ondersteuning van die voedingskemas by Parys se skole. Ondersteun en volg hulle op <http://pappiesetoer.tumblr.com> of kontak dr Rudolph van Wyk – 056 811 2700.

FAMILIE OP DIE KERKRAAD VAN NG KERK PARYS-WES



FOTO: vlnr Ricardo, Andre en Lizandr  Vertenten.

Dit gebeur nie aldag nie, maar die Vertenten-gesin het dit reggekry en dit is 'n navolgingswaardige voorbeeld wat hulle stel. Pa Andre, Ricardo en Lizandr  dien tans op die Kerkraad van NG Parys-Wes.

Andre Vertenten dien al bykans sewe jaar as ouderling en is tans onder-leierouderling van die gemeente, terwyl sy twee kinders, Ricaro en Lizandr  diakens is. Ricardo het ook terwyl hy nog op skool was die dataprojektor

behartig, maar noudat hy in Potchefstroom studeer, doen sy suster Lizandr , wat in graad 12 is, dit. Ricardo sing ook in die bekende *Deo Gloriakoor* wat deur Erna Rademan en Marli Kruger afgerig word.

Andre vertel dat sy oupa, wat aan die Rooms Katolieke Kerk behoort het, jare gelede uit België ge migreer het. Andre het dus as Rooms Katoliek grootgeword en skryf sy dissipline en toegewydheid wat hy vandag nog in sy gesin en in sy werk toepas, aan daardie opvoeding toe. Hy het egter toe hy twintig jaar gelede met Lizette getroud is, lidmaat van die NG Kerk geword nadat hy belydenis van sy geloof afgel  het.

Andre en Lizette het nog 'n dogter Kaylyn, wat sekerlik as sy groter is, ook in haar broer en suster se voetspore sal volg.

Hannetjie Pieterse

KOEKIESBAK VIR DIE BASAAR

Basaartyd beteken o.a. koekiesbak. En koekiesbak beteken 'n groot spanpoging: vooraf re l, beplanning, aankope en dan op die dag (dae), 'n hele span wat saamwerk en meng, bolletjies rol, meultjies draai, koekies in panne pak, aandra, bak, oonde oppas, uitskep uit die panne, versiersuiker smeer en toeplak, en ook nog verpak! Tussenin is daar ook dames wat sorg dat die werkers tee en ietsie te ete kry.

Hierdie jaar kom ons toe 'n probleem te , want op die afgespreekte bakdag (Dinsdag), vervang die munisipaliteit 'n transformator en die saal het geen elektrisiteit nie!! 'n Groepie dames kan wel in die Ou Pastorie begin met die bakkery, maar die groot werkery moet noodgedwonge aangeskuif word na die Woensdag. Daardie dag is die beskikbare dames min en 'n paar mans spring

in om te help met die draai van die meultjies en aandra van panne! Die Donderdag kon die bakkery, plakkery en verpakking voortgesit en afgehandel word! Met hierdie spanpoging word baie pakkies heerlike, pragtig verpakte koekies voorsien om by die basaar verkoop te word.

Baie dankie aan Ina en al haar helpers wat meng en rol en draai en bak en smeer en plak en weeg en verpak en tee skink en kos maak en tussendeur ook lekker gesellig saam is en so bietjie lief en leed deel! Julle is staatmakers en sonder elkeen se hulp kan dit nie slaag nie!

Hortense



ONS KINDERS PRESTEER



Amorè Kok is in graad 11 en 'n aktiewe lidmaat van ons gemeente. Sy is in die belydenisklas en gereeld agter die rekenaar in die kerk.

Sy het 'n sagte geaardheid, maar as sy op die verhoog klim, verdwyn haar geaardheid en word sy as't ware die karakter wat sy uitbeeld. Dit is hierdie uitsonderlike talent wat haar 'n plek besorg het in die Talent Africa-span wat in Julie na die VSA getoer het om aan die Talent America-kompetisie deel te neem. Dit is 'n kompetisie waar die

deelnemers meeding in verskillende kategorieë in drama, musiek, sang en dans. Amorè het aan nege items deelgeneem en vir elkeen 'n medalje gekry, waaronder drie eerste-, drie tweede-, een derde en twee vierde plekke! Boonop was alles natuurlik in Engels, wat Amorè se tweede taal is.

Behalwe die kompetisie, het Amorè en die span darem ook kans gehad om Broadway en vele ander besienswaardighede te besoek.

Amorè is beskeie oor al haar wonderlike prestasies en erken prontuit dat die Here haar die gawe gegee het. Maar sy is ook bereid om BAIE hard te werk met hierdie Godgegewe talent!!

Baie geluk Amorè! Jy is 'n ster en 'n inspirasie en ons is trots op jou!!

Hortense

COCA-COLA-PREEK: 26 JULIE 2015



Foto: Anna-Mart Opperman



Op Sondag, 26 Julie toe ons die kerk instap was daar 'n blommeranskikking van Coke-blikkies en 'n paar blomme voor in die kerk en 'n klomp blikkies Coke op die tafel. Waarvoor /hoekom was sekerlik die eerste vraag wat by baie opgekom het. Dit het egter gou duidelik geword dat dit 'n jeugdiens was en ds Barry het die Coke-blikkie as tema gebruik. Hier is 'n paar punte wat aangeraak is:

Coca-Cola beteken **“COME ON CHILDREN ACCEPT CHRIST OUR LORD AMEN”**

Coke beteken **Christus ons Koning ewig**

'n Visie is 'n snaakse ding.
Werkplekke plak hulle visie en

missie teen die muur op en dan gaan almal hulle gang soos vantevore. Sommiges, soos Coca-Cola, kry dit egter reg om hul visie werklik te laat leef.

In 1886, het Dr. John Pemberton sy karamel gekleurde stroop aan Jacobs Apteek in Atlanta VSA bekendgestel. Coca-Cola is so vir die eerste keer verkoop. Dr. Pemberton se droom, of visie, was dat elke mense op aarde sy produk ten minste een keer in hul leeftyd sal probeer.

Oor 'n 100 jaar of meer het sy visie begin vorm aanneem. Dit word geskat dat 97% van die wêreld al van Coca-Cola gehoor het. 72% het al 'n blikkie Coke gesien. En 51% het dit al geproe!

God ook 'n visie dat elke mens van Jesus moet hoor, Hom eerstehands moet beleef in ons lewens en die keuse moet hê om gered te word.

Baie van ons het al 'n blikkie Coke gedrink maar nooit gewonder oor die kleure op die blikkie nie. Hier is 'n vertolking daarvan en elke keer as ons 'n Coke-blikkie sien moet ons daaraan dink dat die kleure die volgende kan simboliseer:

ROOI– Christus se bloed wat vir ons gevloei het.

SWART– die sonde wat ons doen.

WIT – reinheid – As jy jou sonde

bely, word jou sonde wit gewas deur Sy bloed.

GEEL – die son - Sy Lig vir die Wêreld.

Ons as mense is baie soos 'n Coke-blikkie. As die blikkie leeg is kan jy dit inmekaar druk, maar as dit vol is kan jy dit nie doen nie. So kan ons ook nie inmekaar gedruk word as ons die Here in ons lewe het nie. Aan die ander kant, as jy die vol Coke-blikkie skud en dan oopmaak, dan borrel en bruis dit. So is dit ook met ons: as jy tot bekering kom dan borrel en bruis dit ook in jou.

Coke-blikkie-projek - fondsinsameling vir jeugbediening

Na die diens kon elkeen 'n blikkie Coke neem maar met die versoek dat die blikkie mettertyd met geld gevul moet terugkom kerk toe. Die geld wat met die Coke-blikkie-projek ingesamel word, sal spesifiek vir jeugbediening gebruik word. Daar word dus 'n vriendelike beroep op almal gedoen om daardie blikkies vol te maak en by die kerkkantoor in te gee.

Cleone de Swardt

DIENSGROEP DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Hierdie Diensgroep bak so gereeld as moontlik pannekoek om fondse bymekaar te maak om hulp te kan verleen waar nodig.

Tot dusver het die Diensgroep al die volgende tipes hulp verleen :

- **Charlotte Theron Kinderhuis (CTK)** op Bethlehem : Verskeie pakkies soos klere, onbederfbare voedsel en skoonmaakmiddels is reeds daarheen gestuur.
- **Klerekas** : Klere wat van die Gemeente ontvang word, is reeds uitgedeel waar die behoefte groot is.
- **Skole** : Daar is weer tydens die winter truie by die skole uitgedeel soos aangevra.
- **Kospakkies** : Word maandeliks uitgedeel soos benodig en by punte soos deur die kerkraadslede aan ons deurgegee.
- **Epilepsie SA - Parystak** : Verjaarsdaggeskenkies word aan inwoners gegee wanneer hulle verjaar.

Ek wil net van die geleentheid gebruik maak om my opregte dank aan elke lid en "hulp-lid" wat die afgelope agt jaar soos 'n ge-oliede span saamgewerk het, oor te dra. Sonder julle sou hierdie Diensgroep nooit suksesvol kon wees nie. Julle gemotiveerdheid en entoesiasme agter die minger en panne het 'n spesiale gees gebring en lank staan agter warm stofies, is met 'n glimlag en slim praatjies gedoen! Met lede wat saam die voorgestelde doelwit najaag, kan 'n Diensgroep mos werklik sy volle potensiaal bereik.

Dit was vir my 'n voorreg om vir agt jaar die leiding te neem. Nogmaals dankie - dit was kosbare tye!! Onthou altyd die volgende: **NAASTEDIENS IS DIE PAD NA WARE GELUK!!**

Corina Grobbelaar (corina.grobbelaar@gmail.com / tel: 082 256 8729) het nou die leisels van die Diensgroep oorgeneem en ek weet dat die Diensgroep met al die medewerkers steeds van krag tot krag sal gaan en sal voortgaan om te help waar dit so nodig is.

Baie geluk en sterkte Corina.

Minnie Kilian

NGPW BASAAR: SATERDAG, 1 AUGUSTUS 2015

Vergader, beplan, vergader, beplan.....en toe kom die doen! Koekies is gebak, tafels is gaan haal by ander gemeentes, die tent is opgeslaan deur 'n paar sterk "jong"manne en die dames (dareem hier en daar ook 'n man) het hulle ding gedoen en siedaar.....Saterdagoggend was hulle reg om die gemeente te bedien.

Krimpie en kie moes Saterdagoggend vroeg uit die vere om die vure aan te steek en die ontbyt-tannies was nie vêr agter hulle nie. Oom Danie se renosterhoring het by die koek-/delitafel gepronk. Die lekkergoedtafel het te fraai gelyk en so ook die naaldwerktafel. Die Odendaals het saam met Pieter Komen gesorg dat die wit-olifanttafel sommer alles verkoop!

Die pannekoek-tannies het hard gewerk en baie pannekoeke is deur die ondersteuners verorber. Was dit oom Thys wat hulle aan die gang gehou het? Oom Jan het die dames mooi bygestaan by die vetkoeke en kerrie-en-rys was ook 'n gunsteling. Dan natuurlik.....die nagereg....dit was baie, baie lekker. Die vleistent en die worsbroodjies was ook wenners.

Buite is daar jukskei gespeel en 'n paar manne en enkele dames het hulle slag gewys. Oom Hansie se oë het gerek met die talent wat ten toon gestel is! En natuurlik.....kinders word gesien en nie gehoor nie.....die Sadies het die kinders met allerhande speletjies mooi buite langs die saal besig gehou.

Aan al die skenkers, werkers, kopers.....dankie, baie dankie! Sonder julle kon dit nie 'n sukses wees nie. Almal se deelname word opreg waardeer! Daar is ongeveer R139 000 ingesamel met die basaar.

Alle dank aan ons Vader wat die dag geseën het....Tot volgende jaar.

Dries de Jager.

ONS SENIOR BURGERS - 80 jaar en ouer

Van harte geluk, sterkte vir die nuwe lewensjaar. "Aan die Here kom die lof toe: Ons hulp kom van die Here." Ps 124:6,8

JULIE:

05 - Jannie de Bruyn (85): Kuier tans in Bloemfontein. Volgens die ouderling gaan dit goed met hom.

07 - San Nel (84): Deur die Here se genade gaan dit baie goed met haar. Die "skeetjies" is nie ernstig nie.

16 - Madelief Wolmarans (80): Die gaan goed. Bly baie lekker in Najaarsrus en het baie stof tot dankbaarheid.

20 - Chrissie Boshoff (80): Gaan goed. Probleme met knieë, maar verder nie klagtes nie.

29 - George Denner (85): Sy oë gee probleme, maar verder gaan dit goed.

30 - Nicolette Terreblanche (83): Dit gaan goed. Bene pla a g v osteoperose, maar sy gaan nog aan met haar dinge.

AUGUSTUS:

01 - Gideon Barrett (82): Gaan goed, het nie probleme nie. Die ou rug is partykeer bietjie seer, maar hy gaan aan en het baie om voor dankbaar te wees.

09 - Anna Brand (89): Bly nou in Najaarsrus en dit gaan redelik goed.

23 - Bettie Fullard(81): Dit gaan baie goed. Haar gesondheid is nog goed en sy het geen klagtes nie. Die Here is baie goed vir haar.

SEPTEMBER

09 - Johan Schultz (86): "Baaaie oud, maar ek voel nie oud nie!" Woon nog lekker in hul meenthuis. Baie dankbaar.

11 - Weitz Botes (90): "Dit gaan só goed. Die Here is goed vir my!"

14 - Hannie van der Westhuizen (86): Die medikasie wat sy vir osteoartritis moet gebruik het nuwe-effekte, maar dit gaan redelik goed.

23 - John Butler (81): Dit gaan baie goed. Hy is nog bedrywig en voel baie geseënd!

29 - Elsa Enslin (82): Met genade van Bo gaan dit baie rustig. Haar gesondheid is redelik, loop net baie swaar.

KOMENDE GEBEURE

- 18 tot 20 September : Parys-Wes se 55ste verjaarsdagvieringe
 - 2-9 Oktober : Pappie se fietstoer – kyk bladsy 4.
 - 3 Oktober : Funksie vir Senior Burgers
 - 16 Oktober : Parys se 2de Wynfees
 - 27 November : Kers – Pik-en-proe

OP-EN-WAKKER

Met elke byeenkoms word daar gepoog om aan elke lid, maar ook elke gas wat saam kom kuier, 'n oggend van onthou aan te bied.

Geestelike verryking is hoog op die prioriteitslys, maar so ook die bekendstelling aan iets nuuts of dinge wat meer te doen het met die hedendaagse, wat ook soms vir ons vreemd op die oor of palet val. Die groot doelwit is egter om by te bly met dit wat voortdurend rondom ons aan die verander is.

DANKBAARHEID was die tema van ons Mei-byeenkoms. Ons raak so gewoond aan al ons voorregte dat ons ons seëninge meestal nie meer tel nie. Daar was by elke gedekte sitplek, 'n plekmatjie waarop al die klein dingetjies wat ons weer moet begin raaksien, uitgestip was. Ons moet waardering hê vir **wat ons het en wie ons is**.

Verder is die oggend ingekleur deur die video van Nick Vujicic, 'n jong man wat sonder arms en bene gebore is en wat vandag 'n motiveringsspreker is. Sy persoonlike inkomste kom vanaf Finansiële Bestuur waarin hy baie goed gekwalifiseer is. Hy is 'n baie "sterk" mens met 'n hart van goud

wat menige leerder se lewe verander het.

Sy motto in die lewe is: **LEWE VOLUIT, MOET NOOIT TOU OPGOOI NIE!**

Mag ons wat arms en bene het dit ook gebruik om meer diensbaar te wees!

Ons volgende byeenkoms is op Dinsdag, 22 September 2015 om 10:00.

Indien jy wil kom saamkuier, is jy meer as welkom. Die toegang is R20 vir gaste en R10 vir lede. Jy kan 'n lid word nadat jy vier byeenkomste bygewoon het en jy regtig voel dat jy graag wil aansluit.

Ons het met elke byeenkoms 'n **VERKOPE-TAFEL** waar elkeen wat so voel iets bring om te verkoop en die geld van die verkope word gebruik om ons byeenkomste te finansier.

Met spesiale geleenthede, soos met ons Afsluitingsfunksie op 17 November 2015, sal die toegangsgeld meer wees, aangesien die spyskaart dan meer sal behels.

KONTAKPERSOON: Minnie Kilian
056 811 3385 / 082 896 1676

**Baie dankie aan almal wat bygedra het om die uitgawe moontlik te maak.
Dit word hoog op prys gestel.**

WYNFEES - NG KERK PARYS-WES: 16 OKTOBER 2015

In 2014 het ons 'n Wynfees in ons kerksaal gereël. Dit het die formaat van kos-en wyn-paring aangeneem.

Moreson-wynkelder is genooi om hul wyne te kom bekendstel terwyl ons vlytige susters 'n viergang-maal vir die gaste voorberei het. Skenkings van verskeie bottels wyn sowel as twee jaggeleenthede is deur die loop van die aand tussen die verskillende gange van die ete opgeveil.

Die doel van die aand was om geld in te samel vir die gemeente, sowel as om 'n skenking te maak aan 'n liefdadigheidsorganisasie. Verlede jaar is die mooi bedrag van R38 400.00 ingesamel en R4 000.00 is aan Community Care, 'n vrywillige organisasie wat gratis noodhulpdienste aan mense in Parys en omgewing bied, geskenk.

Verlede jaar se fees was 'n reusesukses en daar is besluit om dit vanjaar weer op die kerk se kalender te plaas as 'n fondsinsamelingsgeleentheid. **Die 2015- Wynfees word op Vrydag, 16 Oktober 2015 in die kerksaal gehou.**

Vanjaar gaan die geleentheid 'n bietjie meer informeel wees. Die wynmaker, Jacques Bornman van Boschkloof landgoed, 'n klein familiekelder in die Stellenbosch-vallei, gaan hier wees om die wyne van Boschkloof bekend te stel. Daarby beplan ons 'n verskeidenheid versnaperinge om die innerlike te versterk.

Natuurlik gaan daar weer 'n veiling wees van wyne en jag- en vakansie-pakkette wat deur gemeentede en besighede geskenk word. 10% van die wins sal weer aan een of twee plaaslike liefdadigheidsorganisasie geskenk word.

Dit is 'n unieke geleentheid en daar sal slegs 120 kaartjies vir die aand beskikbaar wees. Navrae oor borgskappe, skenkings of bywoning van die aand kan gerig word aan **Fanie Pretorius - 083 304 0825.**



Wat is anders aan dié Posduif?

Stuur asseblief enige kommentaar en bydraes na hansieb@lantic.net of skakel Hansie Bekker by 056 811 4754 / 082 820 4306